

Hier volg vier monoloë uit Germanicus. Dit is ook een van die Dramas wat deurspek is met monoloë, vir mans sowel as vir vroue.

UIT GERMANICUS
Deur
N.P. VAN WYK LOUW

Die slaaf Clemens word deur die folteraar binnegebring. Hy is slap, vermink. Sy oë is uitgesteek.

CLEMENS:

Een praat hier van genade, ek weet nie wié,
en klink barmhartig, maar hy klink Romein.
Ek wil jou jammer nie! Ek spu dit uit,
ek kots dit op jou klere trug.

Ek het die pyn se laaste kerf bereik,
meer kan julle nie, dan sterf ek, dan's dit oor.
Die dood is geen genade, rus van die pyn
is geen genade; jul mag is aan sy grens
met my; en ek lê stil soos in my moer
in donker bloed gebêre, ek lê en dink.
Deur my twee duister oë sien ek julle:
jou, Caesar, sal die waansin en die vrees
van daad tot daad dryf tot jy eensaam is,
afskuwelik vir jouself, en wens jy was
soos ek, so lank reeds stil; en jy, die man
wat hier praat van genade – jy is jonk,
so klink dit my; jy ken nie bloed, waarskynlik;
jy kan die weelde van jou jammer troetel
in jou ryk kamer waar jy kunstig leef

en mooi en helder dinge dink, en roep
op slawe om jou kos te bring, 'n boek te lees.
musiek te maak in jou klein warm hoek
van hierdie bloedige en geweldige Ryk;
as jy wil jammer wees, gaan uit, gaan kyk
in die slawestalle waar ons saamgehok lê,
dier vas aan dier, vuil, liederlik, vol haat;
gaan na jou grense waar jou volk self sterf,
waar alles sterf, waar ál wat vry is, sterf,
waar Rome met sy lang blink sekel maai:
vir Caesar eer, slawe vir jou, rykdom
waarop jy sag kan lê en jou bleek jammerte
kan streel; op my smyt jy dit weg...

Die vrees, Caesar, die vrees
klink in jou woorde tog: dat hierdie oë
nou dat hulle dood is, tog die waarheid sien...
[Vir Germanicus] en jy – omdat jy ná aan Caesar was,
sal jy jonk sterf; hy het die lupus, die wolfskwaal,
en sterf nie self daaraan, maar almal sterf
wat by hom kom. En voor jy sterwe, luister:
neem hierdie boodskap saam – as Caesar jou
veilig uit hierdie huis laat gaan – neem dit
vir hom vir wie ons lief was, vir Germanicus.
Ek het hom eenmaal net van ver gesien
in die huis van die bot Agrippa; hy was jonk,
ja jonk soos jy moet wees; hy was so mild,
selfs vir die slawe vriendelik, hoflik, sag.
Ek het gehoor hy praat van reg en vryheid;
ek het sy wyn geskink en hy was vrolik;

maar skielik was ek vry: ek het gevoel
hier is 'n meester, leier vir die wêreld,
hier kan ek volg en sonder slaaf te voel.

Ek het gemeen dat hy sou Caesar word
en Rome en die aarde nuut maak, skoon
en heerlik – dat ek ook mens kan word

Tiberius bars uit van die lag

en toe ek, Caesar, teen jou saamgesweer het,
het ek gesê: “Môre, môre kom hy...

Germanicus”, dan sal ek voor hom kniel

en sê: “Dit is jou Ryk, jou volk, ons volg jou!”

Maar hy... hy vreet saam met hul uit die bak.

Neem jy die boodskap: sê: “Die wêreld haat hom
en glo hy's klein.”

Clemens word uitgesleep

Jou Ryk, o Caesar, sterf!

En uit ons, slawe, kom geheim die kwaal...

---ooOoo---

(Uitgewers: Tafelberg)